NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2022

AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL

VRAAG 1

1.1 Die resensent ken **vyf sterre** aan die rolprent toe. (1)

1.2 1.2.1 Die kontras is tussen die vervelige dokumentêre rolprente wat voorheen te sien was en die opwindende skoonheid van *My octopus teacher*. (2)

1.2.2 "Eers" en "sedert".
[Indien kandidate ander oortuigende woorde verskaf, kan dit ook oorweeg word.] (1)

1.3 Stereotiepe – dokumentêre is voorheen maklik as vervelig beskryf en daarom het kykers dit vermy. Dit was dus 'n aanname waarvoor daar wel redes bestaan het, maar kykers maak 'n fout wanneer hulle nou hierdie rolprent oor dieselfde kam skeer.

Stiksienige – die geleerdes met wie onderhoude gevoer word, is heeltemal te sterk vasgevang in hulle eie kennis en kan dit nie suksesvol oordra aan die kykers nie.

Snater – wanneer die geleerdes praat oor die onderwerp, is dit so sinloos soos die geluide van watervoëls: vir die kykers beteken dit nie veel nie en dit word vervelig.

Tam – die visuele elemente van sulke vervelige dokumentêre rolprente is onopwindend en vervelig en oninspirerend.

[Kandidate moet TWEE woorde kies en bespreek. Oorweeg hulle verduidelikings wanneer dit verskil van die memorandum s'n – ander sienings is natuurlik moontlik.] (2)

1.4 ... was daar nog net positiewe reaksie. (1)

1.5 Skaars/rare/ongewone/unieke
[Bepunt ook ander voorstelle van kandidate indien dit oortuigend is.] (1)

1.6 "Aanmekaar" beteken sonder onderbreking.

In hierdie konteks beskryf "aan mekaar" die aard van die verhouding tussen die man en die seekat – die voorsetsel "aan" word idiomaties gebruik saam met die werkwoord "gewoond raak".
[Oorweeg uiteraard ander formulerings van die betekenisse.] (1)

1.7 1.7.1 'n Dokumentêr wat preek oor natuurbewaring is voorskriftelik oor hoe mense moet optree om die natuur te bewaar. (1)

1.7.2 So 'n rolprent sal impliseer dat die skeppers van die prent self dink dat hulle korrek optree en daarom vir ander mense kan voorsê wat om te doen. Dit sal baie duidelik blyk dat hulle hulself gelukwens met hulle edele optrede. (1)

IEB Copyright © 2022

1.8 Metingskaal vir drie punte
Verwagte inhoud:
Die kontras lê daarin dat die prent 'n "grootmenssprokie" word – m.a.w. 'n verhaal waarin volwasse temas en emosies betrek word – wat tog ook kinders sal boei (hulle sal "oopmond staar"), selfs al begryp hulle nie die emosionele aspek van die prent nie. (3)

1.9 Die lys ("... boei jou, sleur jou mee, fassineer jou en laat jou uiteindelik bewoë ...") laat die leser besef hoe 'n mens op die rolprent behoort te reageer, volgens die resensent se opinie. Die vier elemente op die lys laat die leser besef hoe sterk die resensent voel oor die prent en hoe kompleks 'n mens se reaksie daarop kan wees. (1)

1.10 **Seekatwees** beteken hier die essensie van die seekat se bestaan en identiteit, dit wat die seekat anders maak as ander diere, en veral as die mens. (2)

1.11 Die beskrywing van die rolprentklankbaanmusiek ("getemperde musiek") word uitgebrei met verdere beskrywings tussen hakies.

[Indien 'n kandidaat bloot die handboekgegewens oor die gebruik van hakies verskaf (daar kom ekstra inligting voor), is dit hoogstens 'n halfpunt werd. Die antwoord MOET die konteks betrek.] (1)

1.12 1.12.1 Hier wil hy versigtiger wees, bes moontlik omdat hy dink daar kan dokumentêre prente wees wat hy self nog nie gesien het nie; daarom waak hy hier teen 'n veralgemening. (1)

1.12.2 Paragraaf 1: Dit verander <u>bes moontlik</u> jou houding oor dokkies vir altyd.
Paragraaf 5: Die gehoor <u>sal dalk</u> nooit verveeld of ongemaklik raak nie ...

[Enige ander oortuigende herskrywings moet oorweeg word.] (1)

1.13 Die kyker sien die rolprent op televisie. In paragraaf 8 word verwys na die moontlikheid om van kanaal te verander. (2)

1.14 Hy wil die lesers van die resensie laat voel dat hulle geen keuse het nie: hulle word verplig om na die rolprent te gaan kyk. (2)

1.15 In albei paragrawe verwys hy na mense se vooroordele teenoor dokumentêre rolprente en hoe *My octopus teacher* hierdie vooroordele sal verwyder. Hy bevestig ook in paragraaf 9 die baie sterk positiewe evaluering wat hy in paragraaf 1 uitgespreek het. (2)
[26]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Sy weet nie hoe om die emosionele impak van haar situasie te hanteer nie. (1)

2.1.2 Omdat sy jaloers is op die ander meisie, tree sy koud en ongevoelig teenoor haar kêrel op. Dit kan die verhouding laat sink. Sy glo nie sy verduideliking nie en deur haar koue optrede probeer sy hom straf vir wat sy as ontrou beskou. (2)

2.1.3 Metingskaal vir drie punte
Verwagte inhoud:
Die persoon wat antwoord impliseer dat die situasie die briefskrywer se skuld is. Indien sy anders optree, sal dinge verbeter. Sy het verander weens haar jaloesie en dit maak dat haar kêrel dalk meer geneig is om die aandag van ander meisies te aanvaar. As sy haarself regruk, sal alles regkom – dit is en bly egter haar verantwoordelikheid: sy kan nie van die kêrel verwag om anders op te tree nie. (3)

2.2 2.2.1 Dit verwys na die vergelyking "so arm soos 'n kerkmuis". Die briefskrywer impliseer dat hy/sy nie baie geld het om aan duur geskenke te bestee nie. (1)

2.2.2 Weglatingsteken/weglaatteken.
Dit verseker woordekonomie deur die herhaling van "koste" te voorkom. (2)

2.2.3 Dit beteken dat troues minder uitspattig en duur behoort te wees; Nataniël dink dit is totaal onnodig dat troues soveel kos, en veral ook dat dit gaste soveel geld uit die sak jaag. (1)

2.3 2.3.1 **Teks 2A** is baie formeel: die briefskrywer word as "u" aangespreek, en woorde soos "meld", "aangename atmosfeer" en "sweem" klink ook baie formeel.

Teks 2B is baie informeel: die briefskrywer word as "jy" aangespreek en woorde soos "basta" en "nonsens" ondersteun die informaliteit. (2)

2.3.2 **Teks 2A:** die antwoordskrywer het 'n doktorsgraad, maar ons weet nie waarin nie. Hoewel iemand met 'n doktorsgraad as 'n geleerde beskou word, is dit nie duidelik of sy akademiese agtergrond hom geskik maak om hierdie soort raad te gee nie. 'n Mens kan ook wonder of die raad wat hy verskaf, hier sensitief en geskik is, ten spyte van 'n gepaste akademiese kwalifikasie.

Teks 2B: die antwoordskrywer word as 'n "etiketkenner" beskryf. Hoewel hy konkrete en realistiese raad verskaf, is hierdie beskrywing vaag en word daar nie aangedui hoe hy sy kennis opgedoen het nie. Lesers wat Nataniël reeds ken, sal weet dat hy 'n vermaaklike glanspersoonlikheid ("celebrity") is wat nie huiwer om sy opinie oor dinge uit te spreek nie – dit is dus sy bewonderaars wat hom as gekwalifiseerd beskou.

[Oorweeg ander moontlikhede.] (2)

[14]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 3 TEKSVERWERKING

Sien globaal na. Gee krediet vir koherente sinne wat in die kandidaat se eie woorde uitgedruk word.

Bepaal eers in watter van die vyf bande die geskepte teks val, aan die hand van die beskrywings hieronder, en besluit dan (na aanleiding van die detail van die kandidaat se teks) op watter vlak in die band die spesifieke teks lê.

Uitstekend	Goed	Gemiddeld	Ondergemiddeld	Baie swak
10	8	6½	5	3
9	7½	6	4½	2
8½	7	5½	4	1

Nota: in die onderstaande vlakbeskrywings beteken "teks" die verwerkte teks wat kandidate moet skep (hulle antwoorde op Vraag 3), en "gegewe teks" beteken die teks wat aan kandidate voorsien word om te verwerk (die teks in die Addendum tot die vraestel).

Uitstekend: Kandidate wat 'n baie goeie teks skep, **een wat aan al die instruksies voldoen**, demonstreer dat hulle relevante inligting suksesvol uit die gegewe teks kan selekteer. Kandidate sal die inligting kundig sintetiseer om in die nuwe konteks te pas en te voldoen aan die spesifieke vereistes van die teksverwerkingstaak. Die register sal konsekwent gepas wees, en die teks sal op eie bene kan staan as 'n suksesvolle, geïntegreerde teks. Uitdrukking sal uitstekend wees en 'n bemeestering van die taalgebruik demonstreer. Vol en koherente sinne sal gebruik word, wat lei tot 'n goed gevormde, stilisties superieure teks. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 9 punte ontvang.

Goed: Kandidate wat 'n goeie teks skep, sal daartoe in staat wees om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal die gekose aspekte kan sintetiseer en oordra in hul eie woorde. **Die teks sal voldoen aan die meeste van die vereistes soos gespesifiseer in die instruksies.** Kandidate sal die gepaste register gebruik en dit sal deur die hele teks volgehou word. Die uitdrukking in sulke tekste sal helderheid demonstreer wat nie teenwoordig is in die gemiddelde teks nie. Vol en koherente sinne sal gebruik word en sal deur die hele teks volgehou word. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 7 punte ontvang.

Gemiddeld: Kandidate wat 'n gemiddelde teks skep, sal 'n vermoë demonstreer om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal hierdie aspekte meestal in hul eie woorde kan stel. **Die teks mag dalk nie voldoen aan die belangrikste vereistes soos gespesifiseer in die instruksies nie.** Daar mag voorbeelde wees van direkte aanhaling of insinkings wat foutiewe seleksie, die verkeerde klem, of probleme met sintetisering vertoon. Die register sal meestal gepas wees vir die taak, al kan kleiner insinkings voorkom. Uitdrukking sal bloot vaardig wees en daar mag gebreke wees in die konstruksie van vol sinne. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 5½ punte ontvang.

IEB Copyright © 2022

Ondergemiddeld: Kandidate wat 'n ondergemiddelde teks skep, sal meestal 'n vermoë demonstreer om relevante aspekte van die gegewe teks te onderskei, maar mag dit dalk nie effektief in hul eie woorde kan stel nie. In sommige gevalle sal groot dele van die oorspronklike teks direk gebruik word. Dit is moontlik dat die register nie gepas sal wees nie of dat die teks nie aan die vereistes van die taak sal voldoen nie. Uitdrukking is bes moontlik gebrekkig, maar sal nie begrip inperk nie. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 4 punte ontvang.

Baie swak: Kandidate wat baie swak tekste skep, sal 'n uiters beperkte begrip van die gegewe teks demonstreer. Dit sal blyk uit die onvermoë om gepaste dele uit die gegewe tekste te selekteer om te gebruik in die finale teks, of deur uitgebreide knip en plak uit die gegewe tekste. Register sal onvanpas wees. Uitdrukking is bes moontlik power en belemmer begrip.

Nadat jy die punt bepaal het volgens die beskrywings en metingskaal hierbo, hou die volgende instruksies in gedagte:

- Hou op lees vanaf 10 woorde oor die woordperk.
- Trek 1 punt af indien geen woordtal aangedui word nie, of as 'n onverskoonbaar onakkurate woordtal aangedui is.

2021B-opdrag:

Die geskepte teks is 'n vraag-en-antwoord-onderhoud met Vanes-Mari du Toit vir die rubriek "Vier vrae aan 'n sportster" in die skoolkoerant.

Vorm word gespesifiseer: vier vrae word gestel en elke antwoord volg direk op die vraag. Taalgebruik sal sekerlik informeel wees, maar sonder Engelse woorde of sleng.

Feitelys:

Die volgende feite omtrent Vanes-Mari du Toit kom in die teks voor – dit kan deur die kandidate gebruik word om hulle vrae en antwoorde vir die rubriek te formuleer.

- Haar voorkoms: Sy is 1,89 m lank, blond en het 'n breë glimlag.
- Sy is 'n netbalkampioen – sy speel vir Suid-Afrika se nasionale netbalspan. Sy het al 77 keer vir hierdie span gespeel.
- Die 2023-Wêreldbekertoernooi vir Netbal vind in Suid-Afrika plaas.
- Sy sal nie self speel nie.
- Dalk sal sy 'n afrigter van die nasionale span wees, of op televisie daaroor verslag doen.
- Sy is 'n TV-aanbieder.
- 'n Kyker het gekla dat sy as aanbieder te veel praat tydens onderhoude vir televisie.
- Sy is uniek en hou nie van etikette nie.
- Mense oordeel te gou oor watter soort persoon sy is.
- Sy is nie die soort mens wat ander dink sy behoort te wees nie.
- Sy het op universiteit 'n BCom-graad voltooi.
- Sy het sportdrag gedra tussen medestudente wat veel formeler gekleed was.
- Sy is getroud met 'n man wat ouer is as sy. Dit verwar mense en krap hulle om.
- Sy het deelgeneem aan *Dancing with the stars*. Sy het die halfeindronde gehaal.
- As gevolg hiervan herken mense haar nou op straat.
- Sy dink te min mense kyk na vrouesport.

IEB Copyright © 2022

- Sy wil netbal as sport bevorder.
- Sy werk hard aan haar loopbaan.
- Sy laat geen geleentheid verbygaan nie.
- Sy neem haarself nie ernstig op nie.
- Sy wil eerder onthou word dat sy mense laat lag en ontspan het as vir haar doele en danspunte.

Belangrik:

Kandidate mag nie hulle eie idees of feite invoeg nie. Hulle hoef egter nie al die feite hierbo te gebruik nie – daar is te veel. Hulle seleksie behoort daarop gerig te wees om hul klasmaats om te praat.

Voorbeeldantwoord:

VIER VRAE AAN 'N SPORTSTER: VANES-MARI DU TOIT

Hoe het jy bekend geword?
Ek het Suid-Afrika 77 keer as netbalspeler verteenwoordig. Dit het my verdere kanse gebied, wat ek aangegryp het.

Geniet jy jou televisiewerk?
Ja, al kla mense soms oor my. Iemand sê ek praat te veel tydens onderhoude. Dis my styl!

Hoe sien jy die toekoms van netbal?
In 2023 vind die Netbal Wêreldbekertoernooi hier plaas. Ek sal dalk afrig. Ek wil die sport in ons land bevorder: ek voel sterk daaroor.

Hoe wil jy onthou word?
Ek hoop mense onthou ek het hulle laat lag en ontspan, nie hoeveel doele ek aangeteken het nie.

Woordtelling: 99
Ongeveer 9 feite

Bloomsvlakverdeling vir Vraag 3:

Vlak	1	2	3	4	5	6
Punt	1	2	3	2	1	1

[10]

50 punte

IEB Copyright © 2022

AFDELING B DIGKUNS

VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

4.1 Nee. Hierdie spreker het nie bloot gesien wat gebeur het nie – hy het vooraf geweet wat gaan gebeur aangesien hy die bomplanter is. (2)

4.2 Esterhuizen verwerk 'n idee van Szymborska in sy gedig; hy gee erkenning aan die feit dat hy haar idee gebruik. Hy noem haar gedig 'n "verslag", wat aansluit by sy titel "Ooggetuie". (2)

4.3 Die eerste woord "reën" is 'n selfstandige naamwoord wat na die natuurlike verskynsel verwys. Die laaste woord "reën" is 'n werkwoord wat verwys na die neerval van brokstukke van die gebou as gevolg van die bomontploffing.

[Een punt vir die woordsoortelike verskil; een punt vir die verskil tussen die natuurlike en die mensgemaakte.] (2)

4.4
- Herhaalde verwysings na tyd: die spreker is skerp bewus van die verbygaan van tyd en hoe laat die bom sal ontplof. Die verwysings laat dit klink asof die tyd stadig maar meedoënloos verbygaan.
- Weglating van sommige leestekens: die sinne loop soms ineen sodat die spreker senuagtig klink; die leser is nie altyd seker hoe om die woorde en versreëls te fraseer nie. Die verwarring wat so geskep word, ondersteun die spanning.
- Kort versreëls: laat die spreker byna uitasem klink en sluit aan by die weglaat van leestekens en die enjambement. Dit verseker dat die toon die spanning ondersteun.
- Enjambement: Die aaneenvloei van versreëls pas by die aaneenvloei van sinne soos veroorsaak deur die weglaat van sommige leestekens omdat dit ook die leser se vloeiende lees van die gedig belemmer. Soms kom dit voor tussen strofes, met die spasie wat die effek verhoog.
- Die aandagstreep in versreël 48: net voor die bomontploffing skep die aandagstreep 'n pouse wat dit laat voel asof die tyd vir 'n laaste oomblik stilstaan voordat die verskrikking op die toneel plaasvind. Daardie gespanne pouse ondersteun die ander tegnieke wat ook spanning in die gedig verhoog. (4)

4.5 Eie antwoorde wat oortuigend gemotiveer word. (2)

[12]

IEB Copyright © 2022

BEANTWOORD VRAAG 5 OF VRAAG 6.

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

5.1 Die lyf is eerlik en direk en sonder gekunsteldheid; die hart slaag daarin om dinge weg te steek, te verdraai en aan te pas by 'n situasie. (2)

5.2 God moes self ingryp in die wêreld om dit te laat werk deur Jesus na die aarde te stuur om vir mense se sondes te sterf (daarom die verwysing na Pase). (2)

5.3 Metingskaal vir drie punte
Verwagte inhoud:
Die spreker wys verbande uit tussen die mens en die dier aan die een kant, en die mens en engele aan die ander. Tog is daar iets unieks wat net in mense voorkom. Mense is nader aan God as enige ander skepping; daarom sien die spreker dit as meer as net "goed" – dit is inderdaad "manjifiek". (3)

5.4 Daar is geen vaste rympatroon nie./Daar is geen vaste ritmiese patroon nie. (1)
[8]

OF

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

6.1 Sommige versreëls word soos 'n refrein herhaal (hier die eerste drie en die laaste drie versreëls). (1)

6.2 "soos 'n vrou aan jou hand" – die spreker vergelyk homself met 'n vrou/ eggenoot van die aangesprokene. Wanneer 'n katastrofe plaasvind, sal die aangesprokene sy vrou aan die hand neem en sorg dat hulle albei na veiligheid vlug; net so sien die aangesprokene nie kans om van die bose afstand te doen nie.
OF
"soos 'n goeie hond" – die spreker beweer dat hy soos 'n getroue troeteldier naby die aangesprokene bly en lojaal is aan hom. Dit is sekerlik 'n skok vir die aangesprokene om te besef dat sy verhouding met die bose so heg en byna onverbreekbaar is. (2)

6.3 Mense dink hulle weet hoe die bose lyk, maar hulle is verkeerd: dit is nie herkenbaar nie. Hulle besef nie dat hulle hom in hulle woorde laat spreek nie, dat hulle hom nie visueel kan onderskei nie, dat die bose nie afsigtelik en opvallend verdorwe is nie, maar so deel is van mense soos hulle senuwees. (2)

6.4 Metingskaal vir drie punte
Verwagte inhoud:
Die voor die hand liggende kontras is dat die eerste strofe wat bespreek moet word, God as skepper van die aarde voorstel, terwyl in die tweede strofe evolusie as skeppingsbeginsel gesuggereer word. Die bose as spreker sluit albei sienings in, want dit maak nie saak wat die aangesprokene glo oor die skepping nie, die bose is deel daarvan. (3)
[8]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

7.1 Die geluid wat die eend maak. (1)

7.2 Die jagters kan die eend **hoor**, maar nie **sien** nie – dit hou die eend veilig. (2)

7.3 "sip-sip-siee" (versreël 2). Dit boots die geluid van die eend na. (2)

7.4 Die eend kom om hom by ander watervoëls aan te sluit. (1)

7.5 Dit gebruik 'n menslike aktiwiteit wat lesers sekerlik sal ken om 'n beweging van die eend te beskryf: hy steek sy pote in die water om sy spoed te breek sodat hy op die water kan land. Hierdie skakel met 'n bekende sport laat lesers op 'n nuwe manier aan die eend dink en daarmee identifiseer. (2)

7.6 Enkele relevante voorbeelde:
Assonansie: "Alleen gaan hy by die ander aansluit" (versreël 7) – hier word die kontras tussen die enkeling en die groep beklemtoon.

Alliterasie: "'n Skadu teen swart swem hy stadig uit ..." (versreël 13) – dit suggereer die sagte klanke van die water wanneer die eend daardeur swem.

[Oorweeg enige ander korrekte aanhaling en oortuigende verduideliking.] (2)
[10]

30 punte

IEB Copyright © 2022

AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID EN KRITIESE TAALBEWUSTHEID

VRAAG 8 PROMOSIETEKS

8.1 'n Advertensie bevat gewoonlik baie min teks en inligting; hierdie promosie bevat heelwat teks en inligting om die produk deeglik aan voornemende klante te verduidelik. (1)

8.2 Hulle lyk almal gelukkig en vrolik, soos wat mense seker sal lyk indien hulle hierdie toepassing gebruik. (1)

8.3 In sowel die foto as die tekening word slegs ma's en kinders gesien – geen pa nie. Die implikasie is dat die toepassing op ma's gerig is omdat hulle alleen verantwoordelik is vir die vervoer van die kinders. (2)

8.4 Die teks word in **blokke** verdeel.
Aandagkollyste word gebruik. (2)
[6]

VRAAG 9 SPOTPRENTE

9.1 9.1.1 Die toon is optimisties en positief: daar is 'n probleem (petrol kos nou te veel) en hy het 'n oplossing bedink (donkies gaan nou sy motor se krag verskaf).

[Gee krediet aan enige ander interpretasie wat ook deur die antwoord in Vraag 9.1.2 ondersteun word.] (1)

9.1.2 Hy glimlag effens en sy oë (wat net-net onder die hoed uitsteek) lyk vasberade. (1)

9.1.3 Die donkies is duidelik negatief oor die man se idee (hulle het klaarblyklik nie lus vir harde werk nie). Hulle oë lyk asof hulle hom nie vertrou nie: albei kyk hom so uit die hoek van hulle oë aan. Die voorste donkie se geboë hoof en die manier waarop die agterste donkie sy kop op die ander een se rug laat lê, laat dit ook lyk asof hulle nie die nodige energie het om 'n motorkar rond te sleep nie. (3)

9.2 9.2.1 Gewoonlik vra 'n bedelaar deur sy plakkaat geld om sy gesin te voed; omdat die petrolprys nou so hoog is, kan hy dit nie meer bekostig om sy gesin se motor te "voed" (m.a.w. vol petrol te maak) nie – hy wend hom tot die vernedering van bedel. (1)

9.2.2 Hulle mag dalk voel dat hy geen reg het om geld te bedel as hy so deftig kan aantrek nie.

[Oorweeg enige ander stelling wat oortuigend is.] (1)

IEB Copyright © 2022

9.2.3 Die drie alternatiewe is: openbare vervoer (daar is 'n bus of minibustaxi in die verkeer), fietsry (soos die man links voor) of stap (soos die vrou in die middel).

Die kandidate moet EEN kies en aandui waarom daardie een die mees realistiese moontlikheid is.

[Gee erkenning en krediet aan kandidate wat uit hulle eie omstandighede argumenteer, bv. dat openbare vervoer nie in hulle omgewing beskikbaar is nie, dat hulle te ver van skole ensovoorts af bly vir stap of dat fietsry in hulle omgewing te gevaarlik is.] (2)

9.2.4 Op die woord "dieet" is 'n deelteken onnodig: die sillabegrens loop tussen die letter i en die eerste letter e – geen nuwe lettergreep word dus hier aangetoon nie. (2)

9.3 Metingskaal vir drie punte.
Verwagte inhoud:
Kandidate moet 'n **standpunt** inneem deur een van die twee spotprente te kies. 'n Moontlike motivering vir A is dat hulle 'n beeld van 'n motor getrek deur twee donkies snaakser vind as 'n welgeklede heer wat bedel. Vir B sou kandidate kon argumenteer dat die bedelende welgeklede heer vir hulle snaakser is as die growwer geklede man wat 'n praktiese oplossing vir die situasie probeer bedink. (3)
[14]

20 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2022